Laurinda Hofmeyr

Niël Rademan

Elsabe Daneel

Riku Lätti

Tyd vir die Tuin van Digters

Buitedieboek

buite – 1. nie binne die grense van iets nie, buitekant…2. nie binne 'n bepaalde plek of ruimte nie. 3. verder as

boek – 1. 'n saamgebinde aantal gedrukte of beskrewe blaaie. 2. Die gedagteinhoud van 'n dergelike verbinding blaaie

Hoe ervaar verskillende digters, kunstenaars, musikante, liefhebbers van poësie en mense uit verskillende gemeenskappe, taal- en kultuurgroepe – oud en jonk – digkuns?

Kom kyk, luister en beleef hóé … by die sewende jaarlikse Tuin van Digters, 'n projek van die Breytenbachsentrum, wat Vrydag 14 en Saterdag 15 September in Burgerstraat 14 in Wellington in die Boland gehou word.

Die tema van 2018 se Tuin van Digters, die tuiste van die Afrikaanse digkuns, is "buitedieboek". Uiting word op nuwe en ander wyses deur woordskeppings, kuns, openbare ruimtes, musiek, klank en sang aan woorde, frases en gedigte gegee.

In Afrikaans, en deur ander tale in Afrikaans. En andersom.

Klem word in die program gelê op vertaling uit Afrikaans na ander tale en hoe buite die boek, en "buite die boks", gedink sowel as gedoen kan en moet word om Afrikaanse gedigte aan ander taalgroepe, spesifiek Engels- en Xhosa-sprekendes – die Wes-Kaap se twee ander ampstale – en ook ander tale bekend te stel.

'n Groepsgesprek hieroor word deur PEN Afrikaans aangebied.

Afrikaanse, Engelse en Xhosa-digters sal van hul werke voorlees – in die oorspronklike taal, met die vertalings van die gedigte in die agtergrond op skerms. Digters wie se gedigte in die US Woordfees-bundel, *ConVerse*, in die drie tale vertaal is, neem hieraan deel.

Ander programitems wat die tema buitedieboek aanspreek, sluit in Breyten in Engels deur Ampie Coetzee, wat besig is om gedigte van Breyten Breytenbach in Engels te vertaal; die identiteit en poësie van hip-hop deur Annie Klopper, wie se doktorstesis hieroor handel, en 'n bespreking en uitstalling van "Parys Suite", 'n publikasie van gedigte buite die tradisionele konteks van 'n gepubliseerde bundel, met die middelpunt daarvan 'n poësiefilm deur Diek Grobler met drie gedigte deur Carina van der Walt.

Digters van die digprojekte van die Breytenbachsentrum – insluitend leerders van die Weltevrede Skool en die digter Diana Ferrus se Mengelmoesdigters – wys wat buite die boek met gedigte in die skryf en in die oordra daarvan gedoen kan word.

Kunstenaars wys in die groepuitstalling in die Breytenbach-galery wat hulle met die woorde van gedigte kan maak.

Die feeskunstenaar Henk Serfontein haal in "Handskrif" sewe formidabele vrouedigters, naamlik Jeanne Goosen, Antjie Krog, Wilma Stockenström, Lina Spies, Diana Ferrus, Melanie Grobler en Joan Hambidge, behoorlik uit hul bundels (met hul instemming).

Daar is ook sang en voordrag deur digters en kunstenaars wat elkeen op 'n eie manier buite die tradisionale boek dink en skep.

Hulle sluit in Daniel Hugo en Yves T'sjoen wat praat oor Vlaamse digters in Afrikaans, Willemien/Philomène& in Afrikaans en Frans en die Kaapse bekendstelling van Ons Klyntji Internasionaal.

Voorlesings, toonsettings van gedigte en optredes deur onder andere Carel Trichardt, Petro Wessels, Niel Rademan, Elsabé Daneel, Toast Coetzer en The Buckfever Underground met geïmproviseerde musiek en voordrag van Afrikaanse en Engelse gedigte, Tribal Echo, Laurinda Hofmeyr met Afrique mon désir, en 'n verering van die Joods-Afrikaanse digter Olga Kirsch met 'n biografie deur Egonne Roth is ook op die program.

2018 se Tuin van Digters bied nog meer aan – die volledige program kan afgelaai word by www.breytenbachsentrum.co.za.

Kaartjies kos R300 vir albei dae (Vrydag en Saterdag), R120 net vir Vrydag, R220 net vir Saterdag, R60 per student en gratis vir opbetaalde lede van PEN Afrikaans.

Bespreek by Jeanne-Marie Gerber by besprekings@breytenbachsentrum.co.za of 021 873 2786 of 073 435 1022.

Vir meer inligting:

Kontak Francois Lötter, die feesorganiseerder en bestuurder van die Breytenbach-kultuursentrum, Burgerstraat 14, Wellington (021 873 2786 of 083 408 1902) of per e-pos by: fees@tuinvandigters.co.za, of by www.breytenbachsentrum.co.za www.facebook.com/BreytenbachSentrum en www.twitter.com/BreytenbachSent.

Guillaume Nel
environmental consultants

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT (EIA) - PUBLIC PARTICIPATION PROCESS - 30 Day PUBLIC PARTICIPATION PERIOD
DEA&DP REF NR: **16/3/3/6/7/B3/1253/18**

PROPOSED LIGHT INDUSTRIAL DEVELOPMENT ON ERF 15712, WELLINGTON, WESTERN CAPE.

Project Proposal: Arun Holdings Pty Ltd proposes the development of a mixed use precinct inclusive of 29 plots on either side of an internal spine road gaining access from Oakdene Road, north of Wellington. The development will consist of business, office, retail, healthcare and light industrial facilities.

Location: Erf 15712, Wellington is location north of Wellington east of the R44 and west of the Transnet Railway Line adjacent to the old leather tannery

Application for Environmental Authorization (EA) from the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) is currently being facilitated in order to undertake the following **"Listed Activities" according to the National Environmental Management Act, 1998 ("NEMA") (Act No. 107 of 1998)** for the abovementioned development proposal.

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT (EIA) - LISTED ACTIVITIES (2014 EIA REGS):

GOVERNMENT NOTICE No. 983 of 04 December 2014 – Listing Notice 1 - Activities No: 9, 10, 12, 19 & 27
GOVERNEMENT NOTICE No. 985 of 04 December 2014 - Listing Notice 3 - Activity No: 12

Opportunity to Participate: Individuals Interested and/or affected by the proposed project are invited to register with **Guillaume Nel Environmental Consultants (GNEC)** as an **Interested and Affected Party (I&AP)**. I&APs should refer to the relevant GNEC Reference Number listed above in all correspondence, and must provide their details including: Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal or other interest which they have in the application to the contact person indicated below by latest **Wednesday 3 October 2018.**

For more information contact: **Mrs. Euonell Visagie**, Guillaume Nel Environmental Consultants, PO Box 2632, Paarl, 7620, (Tel): **021 870 1874** (Fax) **021 870 1873**, E-mail: **eg@gnec.co.za** or refer to GNEC's website: **www.gnec.co.za**

000000-PL300818

Advertensie Artikel

Nuwe Slaghuis op Wellington

Vleismeesters, die nuwe slaghuis in Wellington, se eienaars is Noël en Alta McSeveney.

Al was hulle by die polisie werksaam, het Noël omtrent in 'n slaghuis grootgeword. Sy pa, Kleinboet McSeveney, het ook sy eie slaghuise gehad en dáár het Noël menige middag en vakansie gewerk.

In 1979 het hy by sy pa aangesluit en onder die waaksame en streng oog van sy pa het hy Noël touwys gemaak. Noël het sy eerste slaghuis in Malalane Mpumalanga oopgemaak. Daarna het hy ook 'n slaghuis, Vleismeesters, in Nelspruit oopgemaak.

In 2010 het Vleismeesters afgebrand en hulle moes weer van voor af begin.

Die besluit om Kaap toe te verhuis was maklik aangesien drie kleinkinders vir hulle 'n groot trekpleister was. Hierdie jaar het hulle die geleentheid gekry om 'n slaghuis in Wellington oop te maak en hulle het dit aangegryp.

Die slaghuis is veral gewild vir sy biltong, droëwors, outydse sosaties, gerookte produkte en outydse pienk Weense worsies. Hulle bak ook daagliks vars brood op die perseel. Naweke kan jy jou verlustig aan die tuisgebakte brood, kaiing-, biltong-, kaas- en hambrood of selfs sopbroodjies. Vir enige braai is daar genoeg om van te kies en keur: Van blixempies en Machonchas tot Husse met lang ore. Dit is definitief die moeite werd om dié slaghuis te besoek.

Besoek ons gerus by Hoofstraat 56, Wellington.
Tel : 021 864 2290

000000-PL300818

Klassieke konsert word op Le Bac gehou

Vier Hande / Four Hands, die derde gewilde Sondagmiddag- klassieke konsert van die jaar, aangebied deur die Breytenbach-sentrum in samewerking met Le Bac Estates, vind plaas op Sondag 9 September om 18:00 by Le Bac tussen Wellington en die Paarl op die R45.

Die musici wat sal optree, is die pianiste Tertia Visser Downie en Francois du Toit. Die program bestaan uit werke van Schubert, Brahms, Dvorak, Piazolla en Faure. Die konsert vind plaas met die ondersteuning van die Rupert-musiekstigting.

Kaartjies vir die uur lange konsert kos R80 per persoon en sluit wyn en eetgoed in. Bespreek by teater@breytenbachsentrum.co.za of 021 873 2786.

Tertia Visser Downie en Francois du Toit.